# KLIPKERK LICHTENBURG

## *Wêreldfokus Nuusbrief*

## *Januarie – Februarie 2026*



# *Makhua Shirima Bybelbediening 1998 — 2026*

***Dr Gerard en Vanessa Olivier***

## GOEIE NUUS EN NUWE ONTWIKKELINGS

Ons wil graag 'n paar bemoedigende nuusbrokkies uit die Makhua-werk met julle deel. God maak op baie praktiese maniere deure oop, en ons is dankbaar.

**1) OUDIO BEDIENING – 'N GROOT TREE VORENTOE**

**GROOT NUUS!!** *YouVersion* het nou die Makua Shirima Nuwe Testament in oudio. Ná byna twee jaar se aan-en-af gesukkel, is dit uiteindelik daar. Dit beteken mense met slimfone kan nou na Matteus, Johannes, 1 Korintiërs, ens. luister – in Makhua. As jy op Android is, moet jy dalk die *YouVersion*-app verwyder en weer installeer, en dan "Makua" onder "Languages" tik. Twee Makua-opsies (met dieselfde spelling) verskyn ('n fout aan hulle kant). Kies die tweede een, en kies dan "Emakhuwa". Dit gee jou die volle Makua Shirima Bybel, met Nuwe Testament-ouidio ook.Dit lyk nie of iphones dié probleem het nie. Sodra dit opgestel is, werk dit pragtig – hoe cool!!

So die Here wil, sal Domingos en Jeremias oor ongeveer twee maande na Chimoio reis vir die laaste Ou Testament-opnames. Ons gebed is dat ons later vanjaar die hele Makhua Bybel op *YouVersion* in oudio-vorm kan hê en dit ook op ander platforms sal kan sit. Dit sal 'n groot stap wees vir die Makhua bedieining in Niassa!

**2) LITERATUUR – ONS BOU VIR DIE LANGPAD**

Hierdie jaar beoog ons om agt boeke te ontwikkel en in beide Portugees en Makhua te vertaal.

*Hoekom boeke, en hoekom Portugees?*

a. Omdat dit 'n onmisbare **grondslag is vir toekomstige oudio-opnames**;
b. Dit bied goeie **opleidingsmateriaal wat leraars en werkers kan gebruik in uitreike** en Bybelonderrig:
c. Dit reik ook **weier as Makhua**: Portugese materiaal kan vertaal en aangepas word vir nabygeleë tale (soos **Lomwe, Meto, Yao**), sodat een stel bronne verskeie taalgemeenskappe kan dien – dit het **GROOT** potensiaal!

**3) "MIGALHAS DE GRAÇA"( Genade krummels) – 'N NUWE WEEKLIKSE BEMOEDIGING**

Hierdie week het ek 'n *WhatsApp*-groep begin met sewe broers in Niassa wat deur die Makhua-Bybelopleiding gegaan het en wat slimfone het. Ek het reeds die eerste van twee kort boodskappe per week (ongeveer 3–4 minute) vir hulle gestuur. Die meeste van hulle preek op Sondae, so dit het 'n eenvoudige manier geword om hulle weekliks te bedien en te versterk met Lewens-brood. Ek is reeds so geseën deur hulle terugvoer – die vrae, die insigte, en hoe hulle met die Woord besig is. Ons het ook ander opwindende planne hiermee.

**4) OPLEIDING – BEPLANNING VIR DIE TWEEDE HELFTE VAN DIE JAAR**

Ons berei ook voor vir opleiding in die tweede helfte van die jaar, met 'n spesiale fokus op strategie en rekenaaropleiding (vir oudio bediening). Die doel is eenvoudig: om die manne te versterk en toe te rus sodat hulle die werk meer doeltreffend kan hanteer, duideliker kan kommunikeer, en die gemeentes en onbereiktes met meer selfvertroue en vaardigheid kan dien en bereik.

**HOE JULLE KAN SAAMBID**

- ***Dank die Here vir die Nuwe Testament-oudio wat nou op YouVersion beskikbaar is – en bid dat dit wyd versprei.***
- ***Bid vir Domingos en Jeremias terwyl hulle voorberei vir die Chimoio-reis.***
- ***Bid vir die literatuurwerk – duidelikheid in die vertaling, getrouheid, en bestendige vordering met die agt boeke. Dit vat tyd, maar as dit eers in Niassa is, is dit permanent daar!***
- ***Bid vir die broers wat "Migalhas de Graça" ontvang – dat hierdie boodskappe hulle prediking sal versterk en hulle wandel met Christus sal verdiep.***
- ***Bid dat God in al die behoeftes van die Makhua Bybel-bediening sal voorsien en dit sal beskerm.***

***Aan God alleen die eer!***

***Gerard & Vanessa***

**https://www.muapulamission.co.za/**

# *Dankie vir julle gebede ...*

## *Ds `Dries en Marlee Volschenk*



Ds ‘Dries en Marlee is reeds 24 jaar, as voltydse werkers van CEF (Child Evangelism Fellowship), deel van Klipkerk Wêreldfokus en het vanaf 1 April 2001 met die werk in Fianarantsoa, Madagaskar begin. In 2023, 22 jaar later, het ‘Dries die aanstelling as Nasionale Direkteur van CEF SA aanvaar en het hulle derhalwe permanent na Suid-Afrika teruggekeer.



***Volhard asb steeds saam in gebed vir Marlee.***

**Nuus opdatering:**
Die tweede Stam Sel oorplanting as behandeling teen leukemia het 27 Oktober plaasgevind. Die herstelproses is ‘n langsame en moeilike pad. Bid asseblief dat Marlee se liggaam die skenker selle volledig aanvaar en die herstel volkome sal wees.

Bid dat alle newe-effekte sal opklaar en Marlee, wat intense uitputting ervaar, haar kragte en energie herwin. Bid ook vir die spoedige herstel van haar arm wat op twee plekke gekraak het as gevolg van ‘n val.

`Dries is tans besig met opleiding van CEF werkers. Bid dat die Here van die oes vrywillige werkers sal stuur om by CEF aan te sluit.

Bid asb vir goddelike ontmoetings met huidige en toekomstige ondersteuners. (Ongelukkig het hulle finansiële ondersteuning gedurende Marlee se siekte afgeneem.)

Kontak `Dries en Marlee Volschenk as jy hulle wil bemoedig en/of nuusbrief wil ontvang:
driesmar3@gmail.com
+27 66 371 4494( Dries)  +27 76 828 8790 (Marlee)

# *"Jerusalem" Bediening*

## Boikhutso, Blydeville, plase, bus- en taxi terminus, hospitaal en ouetehuis

***Lukas en Rebekka Lebalelo***














LICHTENBURG KLIPKERK
WÊRELDFOKUS & SENDING

- BOTWANA-UITREIK
- 21 FEBRUARIE 2026

INDIEN JY WIL DEEL WEES VAN ONS UITREIK NA BOTSWANA,
EN IN BESIT IS VAN ‘N PASPOORT

KONTAK KOOS SAAIMAN
083 290 2369



## *Botswana*

***Petrus Mere***













**_Ethnos Movement International_**

**_Coen en Suria Scholtz_**




https://www.facebook.com/ethnosmi

'n Nuwe jaar het begin en ons is opgewonde oor wat God gaan doen! Ons is gereed om te getuig van Sy krag, liefde en werking.

Wat is in beplanning:

**EMI Opleiding** Toerus van harte vir die bediening

**Gebed en Vas:** Om in lyn te kom met God se hart

**Korttermyn Uitreike:** Om deel te wees van, en te ervaar wat God wêreldwyd doen. Bid vir Uitreik na Lichtenburg einde Mei:

***Arise* & *Ignite* Kampe:** Die oprig van die volgende generasie om Hom te ken en lief te hê

**EMI Malawi:** Bid saam vir die werk daar om die Yao mensegroep te bereik.

**EMI Oostenryk:** Bid vir 'n groep studente van Oostenryk wat plaaslik deel is van EMI vir opleiding en dienswerk.

**EN NOG BAIE MEER!**

Ons glo in wonderwerke, veranderde lewens en dat die glorie van God in elke nasie, stam en taal skyn!

Betree 2026 met harte vol verwagting saam met ons.

## *Bediening - Midde-Ooste*

### *Aretha Prinsloo*

Wees deel van 'n Virtuele Gebedsbediening met weeklikse WhatsApp gebedsversoeke vir Turkye en die wyer Midde-Ooste.
Kontak Aretha vir meer inligting. 071 375 1578

Volg die bediening in Turkye en die Midde-Ooste:

Facebook : Turkish Partnership of South Africa
https://www.facebook.com/profile.php?id=100093920314200

Webwerwe: Turkye  Midde-Ooste
https://www.tpsaministry.org/
https://menasa.co.za/




## *Testimony*

An evangelical church in Turkey was worshiping when a woman, a teacher in their city, entered the building and began accusing them of making terrible mistakes because Christianity was loaded with mistaken doctrines. She did this often—angrily speaking against the church like a "permanent enemy," the ministry said.

They would simply stop and listen until she finished; then tell her they would pray for her. "I don't need your prayers," she countered. "Pray for yourselves and ask Allah to give you an understanding mind." She brought home a New Testament that the church provided and began searching for the mistakes she was so sure were there. But God was at work in her heart.

Some time later, she returned and sat across from where the pastor was just beginning the sermon. "I was praying within my heart asking God to help me overcome what she might do at this time and only preach God's Word to those in attendance," he said.

As soon as he finished, she jumped up and approached him. "Oh my, please forgive me," she said. "I now believe in the Lord Jesus, as I've finished reading the New Testament and find no mistakes in it. I saw only LOVE expressed, so I have accepted Jesus as my Saviour."

She asked to be baptized and took lessons to prepare for baptism. "She has bowed her knees to the very Lord she was cursing, and in the building that she wanted destroyed," the pastor said. "It was the New Testament ... that drew her into accepting God's Truth as she found the answers to the questions she had that caused her anger against Christianity. God's Word changes lives in amazing ways."

*Learn more about indigenous missions at www.christianaid.org*
*Source: https://www.facebook.com/christianaid53*


Wêreldfokus
1 Maart
2026
Spreker:
Ds Willem
Badenhorst